



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 13 JULIE 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Rdh M A Rangasamy (Speaker)

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

BESLUIT dat verlof tot afwesigheid verleen word aan rdl N Smit en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 15 JUNIE 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 Junie 2022 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 22 JUNIE 2022

Besluit/...

4.2/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl T van Essen)

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Junie 2022 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

6. MAANDVERSLAG: MEI 2022

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 4 word ingesluit in die artikel 52 MFMA-verslag wat op 28 Julie 2022 aan die Raad voorgelê sal word, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direkteur.]

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste wys daarop dat die hoë waterverbruik vir Mei 'n kommerwekkende uitskieter is sedert die droogte. Die Munisipaliteit betree verder 'n periode van potensiële falings van sy grootmaatwaterinfrastruktuur, wat daadwerklike beplanning oor die volgende tien tot 15 jaar noodsaak.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste meld ook dat die Departement Waterwese se versuim om die waterprobleem aan te spreek, vereis dat alternatiewe waterbronne desnoods deur die Munisipaliteit ondersoek sal moet word, om onder meer die toename in verbruikers en ekonomiese groei te akkommodeer. Daar is ook kommer dat die Bergrivier-projek, wat addisionele kapasiteit/toevoer vir die Munisipaliteit sou skep, nie gaan realiseer nie, hoofsaaklik weens die onbekostigbaarheid daarvan vir die landbouers wat tot die lening sal moet bydra.

Die Burgemeester, raadsheer van Essen en die Munisipale Bestuurder spreek insgelyks hul kommer oor die kwessie uit, onder andere ook met verwysing na die situasie te Chatsworth en Riverlands, en word vervolgens

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktooraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2022;
- (b) Dat die daarstel van indikatore om watersekuriteit vir die Swartland in die langtermyn te verseker, verwys word vir oorweging as deel van die GOP-proses.

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Raadsheer van Essen spreek sy kommer uit oor die kragverbruik in sekere gebiede, soos Malmesbury, met verwysing na die Klipkoppie-skakeltuig wat reeds 21 jaar oud is, en wat die risiko loop van faling as gevolg van gereelde beurtkrag. Hy voorsien 'n groter impak op elektrisiteitsvoorsiening aan die dorp indien SASKO (as gevolg van 'load curtailment') van beurtkrag uitgesluit sou word. Raadsheer van Essen noem verder dat verbruikers weerstandig begin raak oor die betaling van beskikbaarheidsgelde.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktooraat Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2022.

6.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste meld dat daar reeds 102 huise in die De Hoop-projek oorhandig is, en dat die kontrakteur (*Simply Do*) aangedui het dat Fase 1 (395 strukture) teen die einde van die jaar afgehandel sal wees. Sy noem verder dat daar teen 21 Julie 2022 aan die Darling *Action Group* terugvoering gegee moet word rakende grond vir 'n skool en die skep van gedienste erwe.

6.3/...

Met verwysing na die appèlverhoor ten aansien van erf 1192, Yzerfontein, spreek die Burgemeester sy kommer uit dat daar klaarblyklik nie boetes gehef word vir ongemagtigde bouwerk nie. Die Munisipale Bestuurder en Direkteur: Ontwikkelingsdienste dui egter aan dat dit wel die geval is dat boetes gehef word, en onderneem om terugvoering aan die komitee te gee in hierdie verband.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Mei 2022;
- (b) Dat daar aan die komitee terugvoering gegee sal word oor die hef van boetes vir ongemagtigde bouwerk.

6.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.4.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS

6.4.2 BRANDWEERDIENSTE

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die opleiding van die reaksie-eenheid goed verloop, en teen 29 Julie 2022 afgehandel sal wees. Die twee senior verkeersbeamptes in beheer van die eenheid, deurloop ook die opleiding by die Chrysalis Academy.

Hy meld verder dat die honde-eenheid ook uitstekend vaar, en hul dienste ook deur ander munisipaliteite benut word.

Raadslede spreek hul kommer uit oor die spesifieke uitdagings wat die direkteur uitlig, synde onwettige storting, grondgrype en '*speeding/dicing*', lg. synde veral in Darling 'n probleem. Die Direkteur: Beskermingsdienste meld dat Stad Kaapstad se konsep verkeersverordening geraadpleeg sal word om vas te stel hoe die Stad 'n kwessie soos '*dicing*' hanteer, wat potensieel inhou dat voertuie geskut of lisensies ontnem mag word.

Kennis word geneem dat daar selde boetes uitgereik word vir die ongemagtigde storting van vullis, omdat oortreders op heterdaad betrap moet word, en mense nie geneë is om oortreders aan te gee nie, weens potensiële viktimisasie.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Beskermingsdienste ten opsigte van Mei 2022;
- (b) Dat daar as deel van die GOP-proses oorweeg sal word om indikatore te stel vir die skryf van boetes vir onwettige storting.

7. NUWE SAKE

7.1 HERAANNEMING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELING-RAAMWERK (MSDF) AS DEEL VAN DIE GOP (2/1/4/4/1)

Die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) is op 30 Mei 2019 deur die voormalige Raad aanvaar en sedertdien is daar geen wysigings aan die ROR aangebring nie. Die ROR vorm 'n integrale deel van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en derhalwe is 'n opsomming daarvan vervat in die GOP soos goedgekeur deur die Raad op 26 Mei 2022.

Die GOP is voorsien aan die Minister van Plaaslike Regering en het lg. versoek dat die ROR heraangeneem word, aangesien slegs die opsomming daarvan in die GOP as onvoldoende beskou word.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 28 Julie 2022)

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Munisipale/...

7.1/...

Dat die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk wat op 30 Mei 2019 deur die Raad aanvaar is en waarvan 'n opsomming by die huidige GOP (Hoofstuk 6, paragraaf 6.4) ingesluit is, by die Raad aanbeveel word vir heraanname.

7.2 AANVAARDING VAN VERORDENING INSAKE DIE HOU VAN VERGADERINGS (1/1)

Die konsep Verordening insake die Hou van Vergaderings is op 26 Mei 2022 aan die Raad voorgelê vir doeleindes om die publieke deelnameproses te deurloop.

Daar is geen kommentaar/insette ontvang teen die sperdatum van 1 Julie 2022 nie.

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 28 Julie 2022)
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die volgende verordening aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:
 - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Hou van Vergaderings
- (b) Dat boetes vir oortredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie;
- (c) Dat die Reëls vir Virtuele Vergaderings wat as aanvullend tot die bestaande verordening aangeneem was, herroep word vanaf datum van afkondiging van die nuwe verordening.

7.3 AANSTELLING VAN DISSIPLINÊRE PANEEL WAT AAN DIE RAAD AANBEVEEL WORD (5/15/1/5)

Die Dissiplinêre Raad is ingestel as 'n onafhanklike adviserende liggaam om ingevolge die *Financial Misconduct Regulations* die Raad by te staan in ondersoeke na finansiële wangedrag.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die verslag slegs beoog om die nuwe Interne Ouditeur op die Dissiplinêre Raad aan te stel, en dat 'n verslag mettertyd aan die komitee voorgehou sal word rakende die ander lede wie se aanstellingstermyne op 31 Desember 2022 verstryk.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat paragraaf 4(3) van die *Financial Misconduct Regulations* bepaal dat die ampstermyn van lede van die Dissiplinêre Raad nie 'n termyn van drie jaar mag oorskry nie en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, met in ag neming van die kommentaar in paragraaf 3 van die verslag, die volgende goedkeuring verleen ten einde kontinuïteit in die bestaan van die Dissiplinêre Raad te verseker:
 - (i) Die aanstelling van Me J Erasmus, Bestuurder Interne Oudit vanaf 1 Junie 2022 tot 31 Mei 2025.

7.4 VERGOEDING VAN DIE LEDE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE- EN RISIKO OUDITKOMITEE (5/15/1/3)

Die Prestasie- en Risiko Ouditkomitee speel 'n belangrike oorsigrol en lewer 'n gespesialiseerde diens aan die Munisipaliteit as adviserende liggaam t.o.v. finansiële-, risiko- en prestasiebestuur.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Uurlikse tarief:
 - (i) Dat die vergoeding betaalbaar aan die lede van die Prestasie- en Risiko Ouditkomitee vanaf 1 Julie 2022 vir die voorbereiding en bywoning van ouditkomiteevergaderings of vergaderings van die Raad, goedgekeur word, soos volg:

7.4(a)/...

- Voorsitter: R820.00 per uur (maksimum van 8 ure)
- Lede: R700.00 per uur (maksimum van 7 ure)
- (ii) Dat die maksimum ure per vergadering die bywoning, voorbereiding, navorsing en reistyd na en van die lokaal waar die vergaderings gehou word insluit;
- (iii) Dat goedkeuring verleen word dat die bogenoemde uurlikse tariewe voortaan jaarliks vanaf 1 Julie verhoog met die persentasie-aanpassing van 5% bereken op die tarief betaalbaar aan die lede (nie Voorsitter) afgerond tot die naaste R5.00, d.w.s. 5% van R700 = R35 afgerond na R35. Dus die Voorsitter se uurlikse tarief sal in 2023/24 verander na R820 + R35 = R855 en ander lede R700 + R35 = R735. In 2024/25 sal lede se uurlikse tarief verhoog van R735 + 5% = R771.25 afgerond na R770, dus R770. Die Voorsitter se tarief verhoog van R855 + R35 = R890;
- (b) Aantal vergaderings:
 - (i) Dat kennis geneem word dat 'n minimum van vier vergaderings per jaar belê sal word, waarvan twee van die vergaderings Prestasiebestuur sal insluit en ander twee Risikobestuur. Addisionele vergaderings wat belê word sal in oorleg met die Munisipale Bestuurder geskied ten einde die uitgawe in hierdie verband te kontroleer;
- (c) Reiskostes:
 - (i) Dat kennis geneem word dat reiskostes betaal sal word ooreenkomstig die tarief soos voorgeskryf in die Reis- en Verblyfbeleid van die Munisipaliteit.

7.5 MENSLIKE HULPBRONNE PLAN VIR 2017-2022: UITBREIDING VAN DIE PLAN TOT 30 JUNIE 2023 (2/B)

Die Menslike Hulpbronne Plan is 'n strategiese dokument wat bely is met verskeie strategieë van die Munisipaliteit en moet gevolglik saamloop met die termyn van die GOP.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat goedkeuring verleen word vir die uitbreiding van die Menslike Hulpbronne Plan met 12 maande, eindigend 30 Junie 2023, om saam te loop van die bestaande GOP.

7.6 CAPENATURE: VOORGESTELDE MEMORANDUM VAN OOREENKOMS INSAKE ONWETTIGE GRONDBESETTING (1/1)

CapeNature het die Munisipaliteit genader om bystand te verleen in die voorkoming van en spoedige reaksie op onwettige besetting van grond wat deur *CapeNature* bestuur word. Die voorgestelde Memorandum van Ooreenkoms is met die sakelys gesirkuleer.

Raadslede spreek hul steun uit vir die voorgestelde ooreenkoms, maar versoek dat die inhoud (met spesifieke verwysing na klousules 6.1.7, 6.1.7 en 6.1.8) na behore nagegaan sal word om te verseker dat die Munisipaliteit hom nie verpligtinge op die hals haal wat by die eienaar van die grond berus nie, en om te verseker dat die Munisipaliteit genoeg magte het om te mag optree wanneer dit nodig blyk.

Die Direkteur: Finansiële Dienste doen aan die hand dat die ooreenkoms spesifiek moet boekstaaf dat die grond die eiendom van *CapeNature* is, en dat die aanspreeklikheid en verantwoordelikheid daarvoor by die instelling berus, en nie aan die Munisipaliteit opgedra word uit hoofde van die ooreenkoms nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die voorgestelde Memorandum van Ooreenkoms met *CapeNature* aangegaan word rakende die onwettige besetting of okupasie van grond, onderhewig daaraan dat die inhoud deur die Direkteur: Beskermingsdienste en Direkteur: Korporatiewe Dienste gefinaliseer sal word;

7.6/...

- (b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die finale ooreenkoms namens die Munisipaliteit te onderteken;
- (c) Dat kennis geneem word dat die uurtariewe ten aansien van wetstoepassingsdienste sal geld, soos jaarliks vasgestel deur die Raad.

7.7 RAAMWERK VIR DIE DE VLEI-AMFITEATER, DARLING (17/9/2/2/3)

Die De Vlei Amfiteater in Darling is gedurende 2020/2021 gebou en amptelik geopen op 19 Oktober 2021. Die doel van die Amfiteater is om 'n ruimte te skep waar gemeenskappe bymekaar kan kom om kuns, kultuur en optredes te geniet.

Sedert die opening was daar talle versoeke vanaf die publiek ontvang om van die interkulturele ruimte gebruik te maak.

Die Burgemeester spreek sy kommer uit dat gebruik van die amfiteater, weens die feit dat dit nie omhein is nie, mag ontaard in groter funksies wat beheer daarvoor binne die voorgestelde raamwerk mag kompliseer. Daar word egter kennis geneem dat die fasiliteite tot dusver nog met sukses bestuur kon word, en dat die situasie gemonitor sal word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die aangehegte raamwerk goedgekeur word wat die kriteria en aansoekproses ten opsigte van die gebruik van die De Vlei Amfiteater bevat, en dat dit jaarliks hersien word om te bepaal of die kriteria steeds van toepassing is;
- (b) Dat gebruiksaansoeke ook telkens aan die Direktoraat Beskermingsdienste voorgelê sal word om potensiele risiko's te bepaal en te kan bestuur, waar nodig in samewerking met die SAPD;
- (c) Dat die inhoud van die raamwerk op 'n bondige, positiewe wyse (sonder verwysing na enige strafmaatreëls) aan die gemeenskap gekommunikeer sal word.

7.8 AFSKRYWING VAN SKULD VAN DEERNISHUISHOUDINGS EN ANDER ONINVORDERBARE SKULDE, JUNIE 2022 – BEDRAG WERKLIK AFGESKRYF (5/7/3)

Die verslag het ten doel om die werklike bedrae afgeskryf aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor te lê nadat lopende heffings en/of rente by die afskrywingslyste van deernishuishoudings en ander oninvorderbare skulde bygewerk is, asook die afhandeling van sosio-ekonomiese ondersoeke.

Die Direkteur: Finansiële Dienste meld dat die afskrywings jaarliks nagenoeg R6,5 miljoen bedra, wat slegs sowat 0,8% beloop van die totale gehefde inkomste per jaar. Vergeleke met 'n buurmunisipaliteit waar afskrywings meer as 10% beloop, voorsien hy nie die risiko dat die situasie, gebaseer op die omvang van die huidige afskrywings, onvolhoubaar is nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings **R3 315 985,28** beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde **R63 263,47** beloop;
- (b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat:
 - (i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid); of

7.8(b)/...

- (ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of
 - (iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;
- (c) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. 'n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

7.9 JAARVERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2022 (8/1/B/1)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022 is met die sakelys gesirkuleer.

Raadslid Warnick versoek dat herhaalde afwykings, veral ten aansien van gevalle wat as 'onprakties' geïdentifiseer word, ondersoek moet word om moontlik onder die toepaslike tenderprosesse hanteer te word, en dat spesifikasies dienooreenkomstig aandag moet geniet.

Die Direkteur: Finansiële Dienste meld dat die verkrygingsregulasies baie spesifiek is hieraangaande, maar dat daar (binne die konteks van die Raad se oorsigrol) kennis geneem word van raadslid Warnick se vertoë, as synde 'n beroep op homself en die direkteure om die potensiële misbruik van die regulasies te voorkom. Hy noem verder dat die afwykings vir die jaar egter 'n baie klein persentasie vergestalt, vergeleke met die omvang van informele en formele tenders.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag insake die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid gedurende die 2021/2022 finansiële jaar ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2022 tot 30 Junie 2022 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D). Kennis moet geneem word dat betalings nog in die 2021/2022 finansiële jaar gefinaliseer moet word en sal enige verskille ten opsigte van Kwartaal 4 ingevolge wetgewing in die volgende kwartaalverslag vermeld word, onderhewig aan die transaksies/syfers wat die volledigheid van die finansiële state mag beïnvloed.

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: JUNIE 2022 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat daar aan die komitee terugvoering gegee sal word indien die afskrywingsbedrag na jaarafsluiting sou wysig.

7.10/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2022.

7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bring onder die aandag van raadslede dat die geweldige verhoging in versekeringspremies te wyte is aan die addisionele bates wat bekom is en verseker moet word, waaronder infrastruktuur van meer as R600 miljoen en IT-infrastruktuur van sowat R7 miljoen. Hy is egter van mening dat die huidige versekeringsportefeulje steeds vir die Munisipaliteit voordelig is, en (nog) nie die skep van eie versekeringsreserwes regverdig nie. Hy maan opnuut dat daar met die nodige omsigtigheid deur personeel gehandel sal word met bates, waaronder voertuie.

Met betrekking tot die beveiliging van infrastruktuur, word genoem dat

- (1) die aard van die bate sal bepaal of 'n omheining weer aangebring sal word waar dit gevandaliseer of verwyder is;
- (2) die potensiële risiko's en kostes telkens 'n deurslaggewende rol speel wanneer bepaal word of daar van sekuriteitsmaatskappye gebruik gemaak moet word om infrastruktuur te beveilig, met verwysing na die voormalige Standard Bank-gebou waar die vervangingswaarde van gevandaliseerde bates (wat weer benut sou word) deurslaggewend was vir doeleindes van die versekeringseis, en nie die totale omvang van die skade nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Mei 2022 soos met die sakelys gesirkuleer;
- (b) Dat die Direkteur: Beskermingsdienste die lys sal deurgee aan die Burgemeester van alle gevalle waar sekuriteitsreëlings in plek is, en wat dit behels.

7.12 GOEDKEURING VIR DIE PUBLIEKE DEELNAMEPROSES T.O.V. DIE 4DE GENERASIE KONSEP GEÏNTEGREERDE AFVALBESTUURSPLAN VIR PUBLIEKE EN DEA&OP KOMMENTAAR (16/4/B)

Die 3de Generasie Geïntegreerde Afvalbestuursplan is deur die voormalige Raad op 25 Mei 2017 ingevolge die bepalings van die *National Environmental Management: Waste Act, 2008 (Act 59 of 2008)* goedgekeur, onder andere, dat die plan elke vyf jaar hersien moet word.

Die konsep 4de Generasie Geïntegreerde Afvalbestuursplan is deur JPCE Raadgewende Ingenieurs opgestel en is 'n bestuursopsomming daarvan met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Munisipaliteit in proses is om die 4de Generasie Geïntegreerde Afvalbestuursplan op te stel;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat die konsep 4de Generasie Geïntegreerde Afvalbestuursplan vir publieke deelname gepubliseer word vir kommentaar/insette vanaf die publiek en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning;

(c)/...

7.12/...

- (c) Dat die 4de Generasie Geïntegreerde Afvalbestuursplan aan die Raad voorgelê word vir oorweging en goedkeuring, met in ag neming van die oorweging van kommentaar/insette ontvang tydens die publieke deelnameproses;
- (d) Dat daar oorweeg sal word om die inhoud van die afvalbestuursplan met raadslede te werkwinkel, gegewe die belangrikheid daarvan.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYNGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN 'N DIENSVERSKAFER VIR OPLEIDING EN VERBLYF VAN DIE WETSTOEPASSING REAKSIE-EENHEID (8/1/B/2)

Die Munisipaliteit het befondsing ontvang om 'n Wetstoepassing Reaksie-eenheid op die been te bring en 20 beamptes is by wyse van 'n werwing- en keuringsproses vir hierdie doeleindes aangestel.

Stad Kaapstad se Metro-Polisie Opleidingsakademie en samewerking met *Chrysalis Academy* is die enigste diensverskaffer in die Wes-Kaap wat die toepaslike opleiding aan die betrokke beamptes kan aanbied.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om nie tenders uit te nooi nie, maar wel die kwotasie van *Chrysalis Academy* te aanvaar ten bedrae van R318 795,00 (BTW ingesluit) vir die opleiding en verblyf van amptenare van die Wetstoepassing Reaksie-Eenheid;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) *Chrysalis Academy* is die enigste diensverskaffer in die Wes-Kaap wat die vereiste opleiding (ingesluit die verblyf) kan voorsien;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R318 795,00 (BTW ingesluit) teen posnommer: 9/233-490-852 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYNGSPROSEDURES: VERKRYGING VAN HAELEGEWEER RUBBERKOEËLS (8/1/B/2)

Die Swartland Verkeer- en Wetstoepassingsdienste het op 13 tot 17 Junie 2022 die SAPD bygestaan tydens die protesaksies op Darling.

Die optrede van die ±500 betogers was van so 'n aard dat traangas en rubberkoeëls gebruik is om orde te handhaaf en die ammunisie voorraad was nie voldoende nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om nie tenders uit te nooi nie, maar wel die kwotasie van *Brussels Gunstock Makers (Pty) Ltd* te aanvaar ten bedrae van R43 412,50 (BTW ingesluit) vir die verskaffing van rubberkoeëls aan die Verkeer- en Wetstoepassingdienste;

7.14/...

- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die protesaksies was 'n noodsituasie met Verkeer- en Wetstoepassingsdienste se haelgeweer rubberkoeëls wat opgeraak het;
 - (ii) *Brussels Gunstock Makers (Pty) Ltd* was die enigste diensverskaffer wat op 'n publieke vakansiedag en gedurende die protesaksies die rubberkoeëls kon voorsien;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R43 412,50 (BTW ingesluit) teen posnommer: 9/233-1004-3473 in die 2021/2022 finansiële jaar verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE EN FINANSIES PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 10 AUGUSTUS 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl I S le Minnie
Ondervoorsitter, rdl N Smit

O'Kennedy, E C	Soldaka, P E
Penxa, B J	Vermeulen, G
Pypers, D C	Warnick, A K
Rangasamy, M A (rdh)	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Senior Bestuurder: Tegnieuse Dienste, mnr M J Swanepoel
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede en open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Munisipale Bestuurder, Administrasie en Finansies.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh T van Essen, rdd M van Zyl en die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULE

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE- EN FINANSIESKOMITEE) GEHOU OP 8 JUNIE 2022

BESLUIT

(voorgestel deur rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur-, Administrasie- en Finansieskomitee) gehou op 8 Junie 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die skrywes van dank en waardering aan Swartland Munisipaliteit soos met die sakelys gesirkuleer.

3.2 SPORT TOEKENNING

Swartland Munisipaliteit is by die Weskus Distrik Sporttoekennings bekroon as die beste Raad in die Distrik vir Munisipale Sport en Ontspanning.

Swartland Munisipaliteit glo in die verenigende en transformerende krag van sport. Dit is vir hierdie rede dat die Uitvoerende Burgemeester die belangrikheid beklemtoon het om sportgeleenthede te ondersteun tydens sy begrotingsrede.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat die munisipliteit se fokus nie slegs op bekende sportkodes sal wees nie, maar ook minder bekende sportkodes sal ondersteun wat voortdurend in gewildheid toeneem.

KENNIS GENEEM

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

Geen

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

9. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

Geen

10. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

**(GET) RDL I S LE MINNIE
VOORSITTER**



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE
PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 10
AUGUSTUS 2022 OM 10:13**

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R J Jooste

Bess, D G

Duda, A A

O'Kennedy, E C

Pieters, C

Smit, N

Stanley, B J (rdh)

Warnick, A K

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Senior Bestuurder: Tegnieuse Dienste, mnr M J Swanepoel

Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Siviele en Elektriese Dienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh T van Essen, rdd M van Zyl en die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTEKOMITEE) GEHOU OP 8 JUNIE 2022

BESLUIT

(voorgestel deur rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 8 Junie 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: JUNIE 2022

5.1.1/...

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gee – onder andere – inligting deur insake die reënval in die Swartland munisipale area.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste meld dat die reënval in Julie slegs 41mm was, wat onder die langtermyn gemiddelde is. Die kumulatiewe reënval was 256mm in vergelyking met die langtermyn gemiddelde van 307mm.

Rdh B J Stanley bedank die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir sy goeie samewerking ten opsigte van die skoonhou van Kalbaskraal.

Rdl A A Duda spreek sy kommer uit oor die munisipaliteit wat te lank geneem het om 'n geblokte rioolpyp in llinge Lethu te herstel.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir Junie 2022.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel, soos met die sakelys gesirkuleer.

Op navraag deur rdl D G Bess insake die instandhouding van straatligte in die Eskom voorsieningsgebiede, meld die Senior Bestuurder: Tegniese Dienste dat die munisipaliteit steeds in onderhandeling is met Eskom en dat daar nog nie uitsluitel is oor watter instansie die instandhouding moet doen nie.

Die Senior Bestuurder: Tegniese Dienste meld dat die munisipaliteit tans besig is om die instandhouding van straatligte in die Eskom voorsieningsgebiede te doen, met 'n beperkte begroting.

Rdl C Fortuin spreek haar kommer uit oor inwoners se krag wat nie onmiddellik na beurtkrag aangeskakel kan word nie.

Die Senior Bestuurder: Tegniese Dienste meld dat die munisipaliteit bewus is van die probleem en doen alles in hul vermoë om die probleem uit te sorteer.

Op navraag deur die Uitvoerende Burgemeester oor die munisipaliteit vir Eskom gaan faktureer vir die werk wat die munisipaliteit aan Eskom se straatligte gedoen het, meld die Senior Bestuurder: Tegniese Dienste dat die munisipaliteit nie vir Eskom gaan faktureer vir die werk gedoen nie.

Rdl A A Duda spreek sy kommer uit oor onwettige krag-konneksies in 'n gedeelte van llinge Lethu wat gevaarlik is vir die inwoners.

Die Senior Bestuurder: Tegniese Dienste meld dat bogenoemde gebied oor die volgende 2 jaar elektrifiseer sal word.

Op navraag deur rdl D G Bess of daar genoeg personeel en toerusting is om voorsiening te maak vir die hele Swartland, met betrekking tot die instandhouding van straatligte in die Eskom voorsieningsgebiede, meld die Senior Bestuurder: Tegniese Dienste dat die munisipaliteit sal geleidelik ekstra personeel aanstel en toerusting aankoop.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Junie 2022.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 TOESTAND VAN RESIDENSIELE TEERSTRATE IN SWARTLAND MUNISIPALITEIT

Strategiese doelwit 5 van die GOP bepaal die volgende: Voldoende, bekostigbare en goed bestuurde dienste en verwys spesifiek na die instandhouding van paaie in die bedieningsgebied van die Swartland Munisipaliteit.

Opgegradeerde strate vereis spesifieke instandhoudingsintervensies om die funksionaliteit te handhaaf. Versuim om geskeduleerde herseelwerk te doen lei tot 'n toename in die vorming van slaggate en agteruitgang van die basislaag as gevolg van die binnedring van water.

Die gemiddelde begroting wat oor die afgelope vyf boekjare vir die herseel van paaie toegeken is, was R 17,86 miljoen per boekjaar. Dit lei daartoe dat slegs 59,1% van die vereiste jaarlikse instandhouding onderneem word.

BESLUIT

Dat die portefeuljekomitee vir Tegniese Dienste kennis neem van die status quo-verslag van 2021/2022 van munisipale paaie in die Swartland.

6.2 OORWEGING VAN DIE KONSEP VERKEERKALMERINGSBELEID

Die Swartland munisipale area ondervind 'n bestendige toename in die wat 'n toename in voertuigbeweging tot gevolg het. Gevolglik ontvang die Munisipaliteit gereeld versoeke vir die konstruksie van verkeers-kalmerende maatreëls in die vorm van spoedwalle.

'n Konsep Verkeerkalmeringsbeleid is deur die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste ontwikkel. Die doel van die beleid is om padveiligheid in die munisipale area te bevorder en om neergelegde kriteria te gebruik vir die identifisering en implementering van verkeerkalmeringmaatreëls.

Die konsepbeleid is met die sakelys gesirkuleer.

AANBEVELING

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die konsep Verkeerkalmeringsbeleid;
- (b) Dat die Verkeerkalmeringsbeleid aanbeveel word vir goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir implementering.

(GET) RDL R J JOOSTE
VOORSITTER



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ONTWIKKELINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE
VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 10 AUGUSTUS 2022 OM
10:51**

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl G Vermeulen
Ondervoorsitter, rdl D G Bess

De Beer, J M
Le Minnie, I S
Ngozi, M
Pypers, D C

Rangasamy, M A (rdh)
Smit, N
Soldaka, P E

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Senior Bestuurder: Tegnieuse Dienste, mnr M J Swanepoel
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee:
Ontwikkelingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Daniels, A M Booysen en die Munisipale
Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULE

**2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS-
DIENSTE) GEHOU OP 8 JUNIE 2022**

BESLUIT

(voorgestel deur rdl I D C Pypers, gesekondeer deur rdh M A Rangasamy)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkelingsdienste) gehou op
8 Junie 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: JUNIE 2022

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gee inligting deur insake die vordering met die onderskeie behuisingsprojekte.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat die raadslede en wykskomiteelede uitgenooi is na die amptelike bekendstelling van die GBV (*Gender Base Violence*) Ambassadeur-program op Vrydag, 19 Augustus 2022.

Rdl D C Pypers spreek sy kommer uit oor die probleme wat die inwoners van Moorreesburg ondervind om van SASSA se dienste gebruik te maak, aangesien die inwoners tot in Malmesbury moet reis.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste meld dat wanneer beplanning met die verskillende staatsdepartemente gedoen word, daar probleme met SASSA (*South African Social Security Agency*) ondervind word om hulle aan vasgestelde datums te verbind. Daar sal met toekomstige gesprekke met SASSA gevra word om hul dienste meer gereeld na kleiner dorpe te neem.

Rdl P E Soldaka verneem oor die 4 begunstigdes van Riverlands se maandelikse terugbetaling op hul erwe, aan die munisipaliteit.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste meld dat die begunstigdes al vir baie jare op die grond bly wat Swartland Munisipaliteit nou aan hulle oordra. Daar is 'n paar begunstigdes wat nie vir die subsidie kwalifiseer nie, met wie koopaktes gesluit is.

Rdl M Ngozi spreek sy kommer uit – onder andere – oor SASSA se dienste, die kriteria van die De Hoop behuisingsprojek en die tekort aan gemeenskapsprojekte by die jeugkantoor.

Raadslede spreek hul kommer uit oor die volhoubaarheid van kleinboere in die Swartland area.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir Junie 2022.

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR

6.1 DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Dat **KENNIS GENEEM** word van die inhoud van die notule van 'n vergadering van die Munisipale Beplanningstribunaal gehou op 11 Mei 2022 en 8 Junie 2022.

7. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL G VERMEULEN
VOORSITTER



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BESKERMINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 10 AUGUSTUS 2022 OM 10:47

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Ondervoorsitter, rdl A K Warnick

Bess, D G
De Beer, J M
Jooste, R J
Le Minnie, I S

Papier, J R
Pieters, C
Stanley, B J (rdh)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr M J Swanepoel
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Die Ondervoorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Beskermingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle M van Zyl, C Daniels en die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (BESKERMINGS-DIENSTE) GEHOU OP 8 JUNIE 2022

BESLUIT

(voorgestel deur rdh B J Stanley, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Beskermingsdienste) gehou op 8 Junie 2022 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: JUNIE 2022

5.1.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE

5.1.2 BRANDBESTRYDING

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel en gee geleentheid aan die Direkteur: Beskermingsdienste om die belangrikste aspekte uit die maandverslag aan raadslede uit te wys.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die Verkeers- en Wetstoepassingsafdeling 'n mandaat deur middel van die GOP het om alle informele nedersettings te monitor binne die Swartland munisipale gebied om grondbesetting te voorkom en te bestuur.

Verder meld die Direkteur: Beskermingsdienste dat die Wes-Kaapse Minister van Polisie-oorsig en Gemeenskapsveiligheid, minister Reagan Allan, die K9-eenheid op 29 Junie 2022 besoek het om 'n inspeksie te hou.

Ten slotte meld die Direkteur: Beskermingsdienste dat die Wetstoepassingsreaksie-eenheid op 20 Junie 2022 hul opleiding by Chrysalis Akademie begin het.

Rdh B J Stanley versoek dat dienslewering vir die inwoners van Swartland Munisipaliteit uitgebrei moet word na 'n Saterdag met betrekking tot dienste by die Verkeersdienste-afdeling en Finansies-rekeninge afdeling.

Die Direkteur: Beskermingsdienste meld dat hy ondersoek sal doen oor dienslewering op Saterdag vir die inwoners van Swartland Munisipaliteit.

Rdl I S le Minnie spreek haar kommer uit oor dienslewering deur Verkeer- en Wetstoepassingsbeamptes. Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat dit sal help as 'n naam gegee word sodat die probleem aangespreek kan word.

Die Direkteur: Beskermingsdienste lig die komitee in oor die nuwe Brandweervoertuig wat ontvang was. Brandweerdienste het ook tien (10) drank op die perseel en buite die perseel tavernes geïnspekteer in 'n gesamentlike operasie met SAPD, Drankowerheid en Wetstoepassing.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh B J Stanley)

Dat kennis geneem word van die verslae van die onderskeie afdelings in die Direktoraat Beskermingsdienste, nl. Verkeer- en Wetstoepassing en Brandbestryding vir Junie 2022.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL A K WARNICK
ONDERVOORSITTER



Verslag Φ Ingxelo Φ Report

Office of the Director: Electrical Engineering Services
03 August 2022

16/2/1/2/1
All Wards

ITEM 7.1 VAN DIE AGENDA VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 17 AUGUST 2022

ONDERWERP: NERSA GOEDKEURING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE VIR 2022/2023 SUBJECT: NERSA APPROVAL OF ELECTRICITY TARIFFS FOR 2022/2023
--

1. BACKGROUND

The National Energy Regulator of South Africa (NERSA) issued a consultation paper re *Municipal Tariff Guidelines, Benchmarks and proposed Timelines for Municipal Tariff Approval Process for the 2022/23 financial year* on 30 March 2022. Based on an Eskom increase of 8.61% for municipalities, the guideline increase for municipal electricity tariffs was 7.47% and addition, guidelines for specific tariffs and tariff categories were published.

On 01 June 2022 the final *Annual Municipal Electricity Tariff Guideline* was issued by NERSA for 2022/23 which corresponded with the NERSA consultation paper. (For 2021/22 the date of publication of the final NERSA Tariff Guideline was 15 May 2021). Based on the approval of the proposed municipal tariffs by Council, Swartland Municipality lodged the tariff increase application on 20 May 2022 and confirmed the tariff application on 06 June 2022 subsequent to receipt of the final NERSA tariff guideline for 2022/23.

On 05 July 2022 the letter of approved of the municipal electricity tariffs was received from NERSA. In terms of the NERSA letter it was requested that the tariff increase pertaining to the energy components of the industrial tariff structures, Tariff 3 and Tariff 10 be limited to 7.47% in lieu of the 8% increase that was applied for. NERSA also advised that they lack the statutory and regulatory jurisdiction over the proposed activity between the municipality and small scale embedded generators (SSEG) and therefore cannot approve the municipal tariff for SSEG's, Tariff 11 despite having approved the SSEG tariff in previous years. All other electricity tariffs as applied for were approved by NERSA.

ONDERWERP: VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE BEHEER OOR ONDERNEMINGS WAT DRANK AAN DIE PUBLIEK VERKOOP
SUBJECT: TABLING OF DRAFT BY-LAW RELATING TO CONTROL OF UNDERTAKINGS THAT SELL LIQUOR TO THE PUBLIC

1. BACKGROUND

- 1.1 The Municipality's predecessors adopted by-laws to provide for the control of undertakings selling liquor to the public, and to provide for days and hours of trade in liquor by licensed undertakings and related matters. The first by-law was adopted and published in 2012 (Provincial Gazette No 6986 of 20 April 2012), which by-law was later repealed and replaced with the Swartland Municipality: By-law relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public, published in Provincial Gazette No 7394 on 22 May 2015.
- 1.2 Following the unfortunate events in the country at both licensed and unlicensed premises in the recent past, it is deemed necessary that certain amendments be made to the existing by-law to ensure that it also regulates unlicensed premises, and provides for safety and security measures on all premises where liquor is sold to the public.
- 1.3 The following draft by-law is hereby submitted in terms of paragraphs 56 and 57 of the Swartland Municipality: By-Law relating to the Rules for the Conduct of Meetings as promulgated in Provincial Gazette Extraordinary, No. 7501 dated 2 October 2015 (in respect of which the replacement by-law has not yet been published):
 - Swartland Municipality: Draft By-law relating to Control of Undertakings that Sell Liquor to the Public

2. LEGISLATION

2.1 Empowering legislation to regulate premises selling liquor to the public

- 2.1.1 The Municipality, in terms of section 156(1)(a) read with Part B of Schedule 5 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, has the power to regulate undertakings that sell liquor to the public.
- 2.1.2 Section 59 of the Western Cape Liquor Act, 2008 (Act 4 of 2008) that deals with trading hours, provides as follows:

Section 59(2): A municipality may by by-law determine different trading days and hours for licensed businesses selling liquor for consumption on the licensed premises and for those selling liquor for consumption off the licensed premises, but may not prescribe different trading days and hours for individual licensed businesses: Provided that the trading hours determined by the municipality may not exceed the trading hours set out in subsection (3)(a) and (b);

Section 59(3)(a): Subject to conditions imposed by the Liquor Licensing Tribunal in terms of subsection (1), if the municipality has not determined the trading days and hours as provided for in subsection (2), a licensee of premises in which liquor may be sold for consumption off the licensed premises may sell liquor on any day between 09:00 and 18:00;

Section 59(3)(b): Subject to conditions imposed by the Liquor Licensing Tribunal in terms of subsection (1), if the municipality has not determined the trading days and hours as provided for in subsection (1), a licensee of premises on which liquor may be sold for consumption on the licensed premises may sell liquor on any day between 11:00 and 02:00 the next day.

2.2 Legislation regulating the making of by-laws by municipalities

2.2.1 National legislation

- (1) The Constitution, Municipal Structures Act and Municipal Systems Act set the framework in terms of which a municipal council must pass by-laws.
- (2) The Constitution sets two basic requirements for municipal law-making:
 - First, a by-law must have the support of the majority of all the councillors;
 - Second, the community must have enjoyed the opportunity to have its say with regard to that by-law.

2.2.2 Municipal legislation

Sections 56 and 57 of the Municipality's existing By-Law relating to the Rules for the Conduct of Meetings determine as follows:

“56. Submission of draft by-law

A by-law may only be introduced by a member or the executive mayor.

57. First submission to council

(1) A draft by-law submitted by a member or the mayor, must be submitted to the council in the following form –

- (a) an executive summary of the by-law;*
- (b) the need to regulate the conduct addressed by the draft by-law;*
- (c) the content of the draft by-law;*
- (d) any other by-law that must be repealed or amended if the draft is adopted;*
- (e) any relevant comments or proposals; and*
- (f) a recommendation.*

(1) After consideration of the report contemplated in sub rule (1) the council must resolve to reject the draft or to adopt it in principle.

(2) When a proposed by-law is adopted in principle, it must be advertised for public comment in terms of rule 59.”

2.3 The making of a by-law entails the following steps:

		Proposed timeframes
Step 1	A draft by-law is prepared by a councillor or a Committee of the council and must be introduced in the council.	Executive Mayoral Committee Meeting of 17 August 2022, to be introduced in Council on 25 August 2022
Step 2	The council must consult with the community with regard to the draft by-law. It must at least publish the by-law for comment by the public. Note: the municipality may use the ward committees to discuss the merits of a draft by-law.	Placement of media advertisement on 31 August 2022. Period of comment until 23 September 2022.
Step 3	The by-law is introduced in and debated by the council. Before passing a by-law, a council that has an executive committee or executive mayor, must first require that committee or mayor to give a report and recommendation on the by-law.	To be tabled in Council on 27 October 2022, via Executive Mayoral Committee (meeting on 18 October 2022).
Step 4	The Municipal council votes on the by-law, which – in terms of the Constitution – is to be carried by the majority of all councillors.	Council meeting 27 October 2022
Step 5	If passed by council, the by-law is published in the Provincial Gazette and becomes law on that date or a later date set in the by-law.	By

3./...

3. COMPLIANCE WITH BY-LAW RELATING TO THE RULES FOR THE CONDUCT OF MEETINGS

3.1 Draft By-law relating to the Conduct of Meetings

(1) Executive summary of the by-law

The draft by-law is to provide for the control of undertakings selling liquor to the public, also including unlicensed premises, in order to ensure a safe and healthy environment in the Swartland. Furthermore, to provide for days and hours of trade in liquor by licensed undertakings, and to provide for matters related thereto.

(2) The need to regulate the conduct addressed by the by-law

The by-law gives effect to the Municipality's mandate as explained in paragraph 2.1 above. Following recent events implying the improper control of undertakings that sell liquor outlets, especially on consumption premises, it is deemed essential to amend the existing by-law to also regulate all premises that sell liquor, especially in terms of safety measures.

(3) The content of the draft by-law – refer **Annexure A**

(4) Any other by-law that must be repealed or amended if the draft is adopted

Upon publication in the Provincial Gazette, the existing Swartland Municipality: By-law relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public, as promulgated in Provincial Gazette No 7394 of 22 May 2015 will be repealed and replaced with the new by-law.

(5) Any relevant comments or proposals

None

(6) Recommendation: - refer paragraph 4 below

4. RECOMMENDATION

(a) That approval be granted for the following draft by-law to be submitted in Council on 25 August 2022 for adoption in principle:

- Swartland Municipality: By-law relating to Control of Undertakings that sell Liquor to the Public

(b) That, following on in principle approval by the Council, the draft by-law be published for public comment in terms of section 12(3)(b) of the Systems Act, 2000 in both the local media and on the municipal website.

AANBEVELING

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordening op 26 Mei 2022 aan die Raad voorgelê word vir aanvaarding in beginsel:

- Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop

(b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

(get) M S Terblanche

MUNISIPALE BESTUURDER

Mst/raadsitems, SM5/Augustus 2022 Voorlegging van konsepverordening insake drankhandel

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KONSEPVERORDENING INSAKE BEHEER OOR ONDERNEMINGS WAT DRANK AAN DIE PUBLIEK VERKOOP

Kragtens die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal Swartland Munisipaliteit as volg:-

Inhoud

1. Woordomskrywing
2. Doel van verordening en toepassing
3. Handelsdae en -ure vir verkoop en verbruik van drank op gelisensieerde persele
4. Handelsdae en -ure vir verkoop van drank vir verbruik buite gelisensieerde persele.
5. Handelsdae en -ure vir die verkoop en verbruik van drank op en weg van gelisensieerde persele
6. Spesiale geleenthede en tydelike lisensies
7. Aanstelling van gemagtigde beamptes
8. Bepaling van tipe gelisensieerde perseel
9. Nakoming en afdwinging
10. Aansoek om verlengde handelsure
11. Voorkoming van onwettige drankverkope, en beslaglegging op drank
12. Vertoon van naamborde, en ander verpligtinge van lisensiehouer
13. Veiligheid en sekuriteit
14. Drankpersele moet wapenvry wees
15. Stoornisse
16. Beswaar teen hernuwing van lisensies
17. Appèl
18. Oortredings en boetes
19. Herroeping
20. Kort titel en inwerkingtrede

1. Woordomskrywing

In hierdie verordening, geniet die Engelse teks voorrang in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde die volgende betekenisse-

“algemene sakegebied” 'n gebied hoofsaaklik gesoneer as algemene sake of enige ander ekwivalente gebruik, met die doel om ekonomiese aktiwiteit in 'n sakegebied en ontwikkelingskorridor te bevorder, en sluit 'n wye reeks grondgebruike soos sake-, residensiële en gemeenskapsgebruike in;

“die Wet” die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet No. 4 van 2008), soos gewysig, saamgelees met relevante Regulasies;

“drank” drank soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet;

“gelisensieerde” enige persoon wat gelisensieer is om drank ingevolge die Wet te verkoop en sluit enige gelisensieerde perseel, sakeonderneming, afsetpunt of grondgebruiksaktiwiteit van waar drank verkoop word, in;

“gelisensieerde perseel” ’n plek, grond, gebou of deel van ’n gebou ten opsigte waarvan ’n lisensie om drank te verkoop ingevolge die Wet uitgereik is en sluit ’n voertuig of vaartuig wat hoofsaaklik vir die vervoer van toeriste of passasiers gebruik word in;

“geslote dae” Kersdag en Goeie Vrydag;

“hotel” ’n eiendom gebruik as tydelike residensiële huisvesting vir verbygaande gaste waar verblyf of maaltye teen vergoeding verskaf word, en sluit in–

- (a) ’n restaurant of restaurante wat deel uitmaak van die hotel;
- (b) konferensie- en vermaakfasiliteite wat ondergeskik is aan en bykomstig is tot die hoofgebruik van die perseel as ’n hotel;
- (c) persele wat gelisensieer is om alkoholiese drank te verkoop vir verbruik op die eiendom,

maar sluit ’n buiteverbruikfasiliteit, instelling vir gaste-akkommodasie, woonhuis of wooneenheid uit;

“instelling vir gaste-akkommodasie” perseel gebruik as tydelike residensiële huisvesting vir, en sluit die voorsiening van maaltye aan, verbygaande gaste teen vergoeding in, en sluit ’n oorblyplek vir rugsakstappers, ’n bed-en-ontbyt-instelling, gastehuis en gasteplaas of lodge, asook fasiliteite vir besigheidsvergaderings, konferensies, byeenkomste of opleidingssessies van inwonende gaste in, maar sluit ’n hotel uit;

“kleinhoewe” ’n gebied hoofsaaklik as landelik gesoneer of enige ander ekwivalente sonering, met die doel om kleiner landelike eiendomme wat vir landboudoeleindes gebruik kan word te akkommodeer;

“landbougebied” ’n gebied hoofsaaklik vir landbou gesoneer of enige ander ekwivalente gebruik, met die doel om landbou aktiwiteit op ’n plaas as ’n belangrike ekonomiese, omgewings- en kulturele hulpbron te bevorder en te beskerm, waar beperkte voorsiening gemaak word vir nie-landbougebruike om aan eienaars ’n geleentheid te bied om die ekonomiese potensiaal van hulle eiendomme te vergroot, sonder om ’n beduidend negatiewe uitwerking op die primêre landbouhulpbron te veroorsaak;

“nywerheidsgebied” ’n gebied hoofsaaklik gesoneer as algemene nywerheid of enige ander ekwivalente gebruik, met die doel om alle vorme van nywerheid te huisves met inbegrip van vervaardiging en verwante verwerking, maar sluit skadelike of gevaarlike risiko-aktiwiteit uit;

“oorlas” enige handeling, versuim of toestand op ’n perseel, openbare plek of straat met inbegrip van enige gebou, struktuur, voertuig of vaartuig wat aanstootlik of gevaarlik is of wat inbreuk maak op die gewone gerief, gemak of vrede van ander persone of wat die veiligheid of gerief van persone nadelig kan beïnvloed;

”Owerheid” die Wes-Kaapse Drankowerheid ingestel ingevolge die Wet;

“residensiële gebied” ’n gebied hoofsaaklik gesoneer as residensieel of algemene residensiële of enige ander ekwivalente gebruik, met die doel om hoofsaaklik enkelgesin woonhuise in lae- tot mediumdigtheidsbuurte te huisves, asook woongebiede van hoër digtheid en wat insluit beheerde geleenthede vir werkverskaffing van die huis af, addisionele wonings en gemengde gebruiksonwikkeling van lae intensiteit;

“sakeperseel” ’n gebou of eiendom vanwaar sake bedryf word en sluit dit ’n winkel, supermark, restaurant, kantoor, finansiële instelling en geboue vir dergelike gebruike in, maar nie ’n plek van samekoms, plek van vermaak, inrigting, diensstasie, openbare garage, nywerheid, nywerheidskorf, hinderbedryf, risiko-aktiwiteit, volwassevermaaklikheidsbedryf of drankwinkel in nie;

“sonering” wanneer dit as ’n selfstandige naamwoord gebruik word, ’n kategorie van riglyne wat die ontwikkeling van grond reguleer en wat die doel waarvoor die grond gebruik mag word en die grondgebruike of ontwikkelingsbestuurbepalings wat van toepassing is op die gemelde kategorie van riglyne, soos deur die Soneringskema bepaal word, uiteensit;

“soneringskema” ’n soneringskema wat ingevolge die Grondgebruikordonnansie 15 van 1985 Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning, soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing No. 8226 van 2020 goedgekeur is asook die soneringskaart en register;

“spesiale geleentheid” ’n fondsinsamelingsgeleentheid ten bate van ’n opvoedkundige- of welsynsorganisasie, enige vertoning, sportbyeenkoms, kulturele byeenkoms of kunsuitvoering;

“sport- en gemeenskapsklub” ’n perseel of ’n fasiliteit gebruik vir die byeenkom van gemeenskaps- of burgerlike organisasies of verenigings, sportklubs of ander sosiale of ontspanningsklubs wat meestal nie vir wins bedryf word nie en gemeenskapsdiensklubs en gemeenskapsentrums of soortgelyke geriefsfasiliteite kan insluit, maar ’n nagklub uitsluit;

“Swartland Munisipaliteit” die Swartland Munisipaliteit gestig deur die Instellingskennisgewing gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing No. 5589 van 2000, soos gewysig, en **“Munisipaliteit”** het ’n ooreenstemmende betekenis;

“tydelike lisensie” ’n tydelike lisensie wat deur die Owerheid uitgereik word aan-

- (a) die houer van 'n binneverbruiklisensie; of
- (b) in buitengewone omstandighede, aan die houer van 'n lisensie vir verbruik op en weg van die perseel;

“vermaaklikheidsplek” 'n plek hoofsaaklik gebruik vir kommersiële vermaak wat moontlik 'n relatief groot aantal mense kan lok, buite normale sake-ure bedryf word of op 'n gereelde grondslag musiek speel of joligheid veroorsaak, en sluit in 'n bioskoop, teater, pretpark, danssaal, gimnasium, totalisator of fasiliteit vir weddenskappe, dobbelsaal, karaoke-kroeg en nagklub;

“vonkelwyn” 'n bruiswyn verkry deur die gis van druiwe, hetsy deur natuurlike of kunsmatige proses, en wat sjampanje insluit;

“weeksdag” 'n dag van die week, uitgesonderd Saterdag en Sondag;

“woonbuurt sakegebied” 'n gebied hoofsaaklik gesoneer as plaaslike sake of gemengde gebruik of enige ander ekwivalente gebruik, met die doel om kommersiële en gemengde gebruiksontwikkeling van lae intensiteit te akkommodeer wat in plaaslike behoeftes aan geriefsgoedere, persoonlike diens of klein sakeondernemings voorsien of as 'n koppelvlak tussen algemene sakeonderneming, aanliggende residensiële gebied dien;

“wynmakery” sluit in persele of fasiliteite wat gebruik word by die vervaardiging van wyn en sodanige persele of fasiliteite sluit in fasiliteite vir die pars van druiwe en gis en veroudering van wyn, wynverkope en proelokale, vat- en stoorkamers, botteleerlokale, tenklokale, laboratoriums of kantore en ander bykomende of bykomstige fasiliteite verbonde aan die vervaardiging van wyn, wat kan insluit –

- (a) restaurante en ander voedseldienste; of
- (b) ondergeskikte handelsfasiliteite vir toergroepe of besoekers.

“wynwinkel” 'n plek waar verpakte drank verkoop word vir verbruik van die perseel af.

2. Doel van verordening en toepassing

(1) Om voorsiening te maak vir die beheer van ondernemings wat drank aan die publiek verkoop ten einde 'n veilige en gesonde omgewing in die Swartland te verseker; om voorsiening te maak vir dae en ure vir drankhandel deur gelisensieerde ondernemings wat drank aan die publiek verkoop; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

(2) Hierdie verordening is van toepassing op alle ~~gelisensieerde persele binne die jurisdiksie van die munisipaliteit.~~ persele wat binne die regsgebied van die munisipaliteit geleë is en waarop 'n drankhandelonderneming bedryf word, wat insluit:

- (a) ondernemings wat drank aan die publiek verkoop vir verbruik op die gelisensieerde perseel;

- (b) ondernemings wat drank aan die publiek verkoop vir verbruik weg van die gelisensieerde perseel; en
- (c) ondernemings wat drank aan die publiek verkoop vir verbruik op en weg van die gelisensieerde perseel.

3. Handelsdae en -ure vir verkoop en verbruik van drank op gelisensieerde persele

(1) 'n Gelisensieerde mag drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel op die onderstaande dae en ure verkoop-

- (a) op enige dag van die week; en
- (b) gedurende die handelsure soos in die Bylae uiteengesit

(2) Ondanks subartikel (1), mag 'n hotel of instelling vir gaste-akkommodasie wat gelisensieer is om drank te verkoop, 'n kamerdiensfasiliteit te enige tyd van die dag aanbied.

(3) Ondanks die bepalings van hierdie verordening, mag 'n gelisensieerde soos bedoel in subartikel (1), vonkelwyn bedien –

- (a) van 08:00 vir sewe dae per week;
- (b) as deel van 'n maaltyd; en
- (c) aan gaste wat deel uitmaak van 'n georganiseerde funksie waar toegang beheer word.

(4) 'n Lisensiehouer wat drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel verkoop, mag nie enige drankverbruik op die gelisensieerde perseel toelaat gedurende die tye wat drankverkope verbode is nie.

4. Handelsdae en -ure vir verkoop van drank vir verbruik buite weg van gelisensieerde persele

(1) 'n Gelisensieerde, met die uitsondering van wynmakerye en wynwinkels, mag drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel verkoop vanaf Maandag tot Saterdag vanaf 09h00 tot 20h00, maar nie op Sondag en geslote dae nie.

(1) Gelisensieerde wynmakerye en wynwinkels mag drank vir verbruik buite die perseel op die onderstaande dae en ure verkoop-

- (a) vanaf Maandag tot Saterdag vanaf 09:00 tot 20:00; en
- (b) op Sondag vanaf 09:00 tot 17:00, maar nie op geslote dae nie.

5. Handelsdae en –ure vir die verkoop en verbruik van drank op en weg van gelisensieerde persele

'n Lisensiehouer van 'n perseel waar drank vir verbruik op en weg van die gelisensieerde perseel verkoop mag word, mag drank gedurende die handelsure in artikel (3) en (4) verkoop.

56. Spesiale geleenthere en tydelike lisensies

Waar die Owerheid 'n aansoek om 'n spesiale geleentheidslisensie of 'n tydelike lisensie ingevolge artikel 48 van die Wet na die munisipaliteit verwys vir kommentaar of aanbeveling, mag die munisipaliteit 'n afwyking van die handelsure soos bepaal in die Bylae tot hierdie verordening, aanbeveel.

67. Aanstelling van gemagtigde beamptes

Die munisipaliteit mag enige beampte aanstel om die bepalings van hierdie verordening te implementeer en af te dwing.

78. Bepaling van tipe gelisensieerde perseel

Waar die definisie of kategorie van enige gelisensieerde perseeltipe, soos weerspieël in items 1 tot 6 van die Bylae tot hierdie verordening, onseker is of moeilik bepaal kan word, mag 'n gemagtigde beampte, soos bedoel in artikel 6, die definisie daarvan bepaal ten einde die handelsure wat daarop van toepassing is, te bepaal.

89. Nakoming en afdwinging

(1) 'n Gemagtigde beampte mag, vir die doeleindes om nakoming te verseker van die handelsure soos bepaal in hierdie verordening, op redelike tye enige gelisensieerde perseel of enige perseel ten opsigte waarvan 'n aansoek ingevolge hierdie verordening ingedien is, betree.

(2) Wanneer die gemagtigde beampte 'n perseel ingevolge hierdie artikel binnegaan, moet hy of sy hom- of haarself aan die persoon in beheer van die perseel identifiseer.

(3) 'n Gemagtigde beampte mag 'n voldoeningskennisgewing aan die gelisensieerde of enige persoon in beheer van 'n gelisensieerde of ongelisensieerde perseel bedien en 'n beroep op sodanige persoon doen om die bepalings van hierdie verordening na te kom.

(4) 'n Voldoeningskennisgewing moet die volgende stipuleer-

- (a) die bepalings van die verordening wat oortree word;
- (b) die handeling of versuim wat op nie-nakoming neerkom;
- (c) die stappe wat geneem moet word om die bepalings na te kom;
- (d) die datum of tyd waarop die bepalings nagekom moet word, waar van toepassing; en
- (e) die moontlike gevolge van nie-nakoming.

910. Aansoek om verlengde handelsure

(1) Ondanks die bepalings van artikel 3, mag die houer van 'n binneverbruiklisensie teen betaling van die voorgeskrewe fooi by die munisipaliteit aansoek doen om op 'n weeksdag (wat 'n publieke vakansiedag voorafgaan, uitgesonderd geslote dae) handel te dryf gedurende die ure soos neergelê in die Bylae vir 'n Vrydag en 'n Saterdag.

- (2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op houers van binneverbruik lisensies op persele in kategorieë 1 en 2 van die Bylae nie;
- (3) Aansoeke moet op die voorgeskrewe wyse ingedien word en moet ten minste 14 dae voor die datum waarop verlengde ure benodig word, ingedien word. Laat aansoeke sal nie oorweeg word nie.
- (4) Hoogstens drie aansoeke om verlengde handelsure sal per perseel per kalenderjaar sal oorweeg word.
- (5) Geen aansoek ingevolge subartikel (1) sal oorweeg of geprosesseer word gedurende die tydperk 1 Desember tot 15 Januarie van die volgende jaar nie.
- (6) Geen regte word verkry deur die gelisensieerde wat aansoek gedoen het om verlengde handelsure alvorens skriftelike goedkeuring deur hom of haar ontvang is nie.
- (7) Die munisipaliteit moet tydens oorweging van 'n aansoek vir verlengde handelsure oorweging skenk aan tersaaklike faktore wat die volgende mag insluit-
- (a) die geldigheid van die dranklisensie;
 - (b) waar van toepassing, die geldigheid van 'n besigheidslisensie wat ingevolge die Wet op Besighede van 1991 (Wet 71 van 1991) uitgereik is;
 - (c) liggingskategorie volgens die Bylae;
 - (d) vorige rekords van klagtes wat ondersoek en bevestig is ten opsigte van die twaalf maande wat 'n aansoek vir verlenging voorafgaan;
 - (e) die nabyheid van die gelisensieerde perseel aan omliggende residensieel-gesoneerde areas, kulturele-, godsdienstige- en opvoedkundige fasiliteite;
 - (f) die potensiële impak op die omliggende omgewing;
 - (g) of dit in die openbare belang is om 'n verlenging van handelsure goed te keur;
 - (h) 'n motivering van die aansoeker wat aandui –
 - (i) die moontlike risiko's vir die omliggende gemeenskap en die veroorsaking van geraas en ander oorlaste;
 - (ii) maatreëls om moontlike risiko's en oorlaste te beheer of te verminder; en
 - (iii) moontlike voordele wat verlengde handelsure vir die omliggende gemeenskap mag inhou;
- (8) By oorweging van die aansoek bedoel in subartikel (1) mag die munisipaliteit insette verkry vanaf-
- (i) die betrokke wykskomitee;
 - (ii) omliggende inwoners wat geaffekteer mag word;
 - (iii) die plaaslike Gemeenskapspolisiëringsforum;
 - (iv) die aangewese drankoffisier van die S.A. Polisiediens; en
 - (v) enige gemeenskapsorganisasie soos kerkgroepe, belastingbetalers-, of sakeforums.
- (9) Die munisipaliteit mag 'n goedkeuring vir verlengde handelsure goedkeur onderhewig aan voorwaardes en die grondslag van en beweegrede vir alle besluitneming moet genotuleer word.

11. Voorkoming van onwettige drankverkope, en beslaglegging op drank

(1) 'n Gemagtigde beampte kan die onwettige verkoop van drank voorkom of op drank beslag lê:

- (a) waar drank verkoop word vanaf 'n perseel waar drankverkope nie ingevolge die munisipale soneringskema toegelaat word nie; of
- (b) waar drank in stryd met hierdie verordening verkoop word; of
- (c) waar drank verkoop word buite die ure en dae wat in hierdie verordening neergelê word, of in stryd met die voorwaardes wat die Wes-Kaapse Drankowerheid of die munisipaliteit met betrekking tot daardie onderneming vasgestel het; en
- (d) deur die tydelike sluiting van die perseel en/of beslaglegging op enige drank op die perseel ingevolge die munisipaliteit se standaardbedryfsprosedure vir beslaglegging en die bepalinge oor deursoeking en beslaglegging in die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977).

(2) Waar die verkoop van drank voorkom word en daar beslag gelê word op drank ingevolge subartikel (1), kan die munisipaliteit enige koste wat die munisipaliteit hiervoor moes aangaan, van die lisensiehouer of persoon in beheer van die perseel verhaal.

12. Vertoon van naamborde, en ander verpligtinge van lisensiehouer

(1) Die lisensiehouer of persoon in beheer moet toesien dat 'n sertifikaat wat deur die munisipaliteit uitgereik is en wat die sonering of grondgebruik vir die doeleinde van hierdie verordening sowel as die goedgekeurde handelsure bepaal, op 'n opvallende plek binne-in die onderneming en tot bevrediging van die munisipaliteit vertoon word.

(2) Die lisensiehouer of persoon in beheer moet toesien dat die volgende opvallend en in letters van minstens vyf sentimeter hoog buite die perseel op die voordeur of –venster vertoon word, tot die bevrediging van die munisipaliteit:

- (i) die handelsure van die onderneming, soos wat die Munisipaliteit dit goedgekeur het; en
- (ii) die dranklisensienommer waaronder die onderneming handel dryf

13. Veiligheid en sekuriteit

(1) Lisensiehouers moet toesien dat die gelisensieerde perseel aan alle omgewings-, beplannings- en veiligheidswette voldoen en dat die voorwaardes wat die munisipaliteit neerlê, nagekom word.

(2) Die lisensiehouer of persoon in beheer moet toesien dat redelike en voldoende veiligheid- en sekuriteitsmaatreëls getref word vir die beskerming van die publiek/klante van die betrokke perseel, deur onder meer te verseker dat:

- (a) die berging van goedere en toerusting en die toestand van die perseel en enige struktuur daarop nie 'n gevaar vir die veiligheid van klante binne die perseel inhou nie;
- (b) die perseel voldoen aan die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) en enige ander toestemming of verordening wat die Munisipaliteit toestaan of uitvaardig; en
- (c) daar voldoende verligting buite die perseel is waar die publiek/klante en personeel die gelisensieerde perseel binnegaan of verlaat.

14. Drankpersele moet wapenvry wees

Die reg van toegang tot drankpersele word voorbehou, en enige wapens of skerp voorwerpe is verbode op binneverbruikpersele. 'n Kluis behoort te alle tyd beskikbaar te wees op binneverbruikpersele indien persone wat in besit is van wapens of skerp voorwerpe toegang tot die perseel moet verkry.

15. Stoornisse

(1) Enige persoon wat drank aan die publiek verkoop, moet alle redelike stappe doen om toe te sien dat geraas vanaf die drankperseel te alle tye binne die mure van sodanige drankperseel bly.

(2) Enige persoon wat drank aan die publiek verkoop, moet redelike stappe doen om toe te sien dat geraas of ander stoornisse vanaf die perseel nie die inwoners van die omliggende gemeenskap op onredelike wyse raak en verontrief nie.

(3) Die lisensiehouer bly aanspreeklik en verantwoordelik vir alle grondbesoedeling en rommelstrooiing binne die drankperseel. Die lisensiehouer is ook verantwoordelik vir alle grondbesoedeling en rommelstrooiing buite die drankperseel wat uit die gelisensieerde perseel spruit. Die drankperseel en omliggende gebiede moet te alle tye skoongehou word.

(4) Die lisensiehouer is verantwoordelik om toe te sien dat geen klante buite die drankperseel rondhang nie en dat drankverkope en drankverbruik tot die drankperseel beperk word.

1016. Beswaar teen hernuwing van lisensies

(1) Die munisipaliteit, of enige van die instansies of persone vermeld in artikel 9(9), sal die reg hê om verhoë te rig teen die outomatiese hernuwing van 'n dranklisensie binne sy jurisdiksiegebied-

- (a) waar die gelisensieerde perseel nie gesoneer is vir sodanige gebruik ingevolge die munisipaliteit se soneringskema-regulasies nie; of

- (b) waar die gelisensieerde perseel, sedert die laaste hernuwing van sodanige lisensie, die onderwerp was van 'n klagte of klagtes wat deur die munisipaliteit ontvang is.

(2) Die munisipale bestuurder moet die vertoë voor 31 Julie van die jaar voor die jaar ten opsigte waarvan die hernuwing van toepassing sal wees, skriftelik by die Owerheid indien.

1117. Appèl

'n Persoon of regsentiteit wie se regte deur 'n besluit van die munisipaliteit ingevolge 'n gedelegeerde gesag geraak word, mag appèl aanteken teen daardie besluit deur binne 21 dae van die datum van kennisgewing van die besluit skriftelik aan die munisipale bestuurder kennis te gee van die appèl en die redes daarvoor ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 32 van 2000.

1218. Oortredings en boetes

- (1) 'n Gelisensieerde wat artikel 3, 4 of 5 van hierdie verordening oortree, of versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 9, pleeg 'n misdryf.
- (2) 'n Persoon wat 'n gemagtigde beampte in die uitvoering van pligte verhinder of belemmer, pleeg 'n misdryf.
- (3) Enige persoon wat die bepalings van hierdie verordening oortree, sal by skuldigbevinding blootgestel wees aan-
 - (a) 'n boete of gevangenisstraf, of aan òf sodanige boete òf gevangenisstraf, of aan sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf;
 - (b) in die geval van 'n voortgaande oortreding, aan 'n addisionele boete of aan 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf of aan sodanige addisionele gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete, of aan sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige oortreding voortgaan; en
 - (c) 'n verdere bedrag gelyk aan enige kostes en uitgawes wat deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim.

1319. Herroeping

Die Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop soos gepubliseer in Provinsiale Koerant No. ~~6986 op 20 April 2012~~ 7394 op 22 Mei 2015 word hiermee herroep.

1420. Kort titel

Hierdie Verordening word genoem die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop en neem 'n aanvang op die datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

BYLAE

Handelsure vir verbruik van drank op gelisensieerde perseel

Liggingskategorie & tipe gelisensieerde perseel	Maksimum toegelate handelsure
1. Residensiële gebied	
Instelling vir gaste-akkommodasie	Maandag – Donderdag : 09h00 – 23h00 Vrydag – Saterdag : 09h00 – 24h00 Sondag : 11h00 -23h00
Sakeperseel	
Sport- en gemeenskapsklub met die uitsondering van spesiale geleenthede	
2. Woonbuurtsakegebied met inbegrip van gemengde gebruiksareas	
Instelling vir gaste-akkommodasie	09h00 – 24h00
Sakeperseel	
Vermaaklikheidsplek	
Sport- en gemeenskapsklub met die uitsondering van spesiale geleenthede	
3. Algemene sakegebied	
Instelling vir gaste-akkommodasie	Maandag – Donderdag : 09h00 -24h00 Vrydag – Saterdag : 09h00 -02h00 volgende dag Sondag : 09h00 – 24h00
Sakeperseel	
Vermaaklikheidsplek	
Sport en gemeenskapsklub met die uitsondering van spesiale geleenthede	
Hotel	
4. Nywerheidsgebied	
Sakeperseel	Maandag – Donderdag : 09h00 -24h00 Vrydag – Saterdag : 09h00 - 02h00 volgende dag Sondag : 09h00 – 24h00
Vermaaklikheidsplek	
Sport en gemeenskapsklub met die uitsondering van spesiale geleenthede	
5. Landbougebied / Kleinhoewes	
Instelling vir gaste-akkommodasie	09h00 – 02h00 volgende dag
Vermaaklikheidsplek	
Sport- en gemeenskapsklub met die uitsondering van spesiale geleenthede	
Wynmakery	
Hotel	
6. Ander ad hoc-liggings	
Voertuie of mobiele ondernemings gebruik vir toeriste of vermaak of ontspanningsdoeleindes ooreenkomstig die definisie van ‘perseel’ in artikel 1 van die Wet, tensy enige ander Verordening van die	09h00 – 24h00

Swartland Munisipaliteit anders bepaal	
Spesiale geleenthede of tydelike lisensies	Soos bepaal ingevolge die goedkeuring uitgereik deur die Owerheid in terme van artikel 48 van die Wet na oorlegpleging met die munisipaliteit

SWARTLAND MUNICIPALITY

DRAFT BY-LAW RELATING TO CONTROL OF UNDERTAKINGS THAT SELL LIQUOR TO THE PUBLIC

Under section 156 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, the Swartland Municipality enacts as follows:-

Table of contents

1. Definitions
2. Purpose of by-law and application
3. Trading days and hours for sale and consumption of liquor on licensed premises
4. Trading days and hours for sale of liquor and consumption off licensed premises
5. Trading days and hours for sale and consumption on and off the licensed premises
6. Special events and temporary licenses
7. Appointment of authorised officers
8. Determination of type of licensed premises
9. Compliance and enforcement
10. Application for extended trading hours
11. Prevention of illegal sale of liquor and seizure of liquor
12. Display of signage and other obligations of the licensee
13. Safety and security
14. Liquor premises must be weapon free
15. Nuisances
16. Objection to renewal of licenses
17. Appeal
18. Offences and penalties
19. Repeal
20. Short title and commencement

1. Definitions

In this by-law, the English text shall prevail in the event of an inconsistency between the different texts, and unless the context indicates otherwise—

“agricultural area” means an area predominantly zoned agriculture or any other equivalent use, with the purpose to promote and protect agricultural activity on a farm as an important economic, environmental and cultural resource, where limited provision is made for non-agricultural uses to provide owners with an opportunity to increase the economic potential of their properties, without causing a significant negative impact on the primary agricultural resource;

“Authority” means the Western Cape Liquor Authority established in terms of the Act;

“business premises” means a building or land from which business is conducted and includes a shop, supermarket, restaurant, office, financial institution and buildings for

similar uses, but does not include a place of assembly, place of entertainment, institution, service station, motor repair garage, industry, industrial hive, noxious trade, risk activity, adult entertainment or bottle store;

“closed days” means Christmas Day and Good Friday;

“general business area” means an area predominantly zoned general business or any other equivalent use, with the purpose to promote economic activity in a business district and development corridor, and includes a wide range of land uses such as business, residential and community uses;

“guest accommodation establishment” means premises used as temporary residential accommodation for, and includes the provision of meals to, transient guests for compensation and includes a backpacker’s lodge, a bed-and-breakfast establishment, guest house and guest farm or lodge, as well as facilities for business meetings, conferences, events or training sessions of resident guests, but excludes a hotel;

“hotel” means a property used as a temporary residential accommodation for transient guests where lodging or meals are provided for compensation, and includes –

- (a) a restaurant or restaurants forming part of the hotel;
- (b) conference and entertainment facilities that are subservient and ancillary to the dominant use of the premises as a hotel;
- (c) premises which are licensed to sell alcoholic beverages for consumption on the property,

but excludes an off-consumption facility, guest accommodation establishment, dwelling house or dwelling unit;

“industrial area” means an area predominantly zoned general industry or any other equivalent use, with the purpose to accommodate all forms of industry including manufacturing and related processing, but excludes noxious or hazardous risk activity;

“licensee” means any person who is licensed to sell liquor in terms of the Act and includes any licensed premises, business, outlet or land use activity from which liquor is sold;

“licensed premises” means any place, land, building or part of a building in respect of which a license has been issued by the Authority in terms of the Act and includes a vehicle or vessel which is mainly used for the conveyance of tourists or passengers;

“liquor” means liquor as defined in section 1 of the Act;

“neighbourhood business area” means an area predominantly zoned neighbourhood business or mixed use or any other equivalent use, with the purpose to accommodate low intensity commercial and mixed use development serving local needs of convenience goods, personal service or small scale business nature or serve as an interface between general business, industrial and adjacent residential area;

“nuisance” means any act or omission or condition on any premises, vehicle, street or public place, including any building, structure, vehicle or vessel which is offensive or dangerous, or which interferes with the ordinary comfort, convenience, peace or quiet of other people or which may adversely affect the safety or comfort of people;

“place of entertainment” means a place used predominantly for commercial entertainment which may attract relatively large numbers of people, operate outside normal business hours or generate noise from music or revelry on a regular basis, and includes a cinema, theatre, amusement park, dance hall, gymnasium, totalisator or facility for betting, gambling hall, karaoke bar and nightclub;

“residential area” means an area predominantly zoned residential or general residential or any other equivalent use, with the purpose to accommodate predominantly single-family dwelling houses in low to medium density neighbourhoods, as well as higher density living accommodation and which includes controlled opportunities for home employment, additional dwellings and low intensity mixed use development;

“small holding” means an area predominantly zoned rural or any other equivalent zoning, with the purpose to accommodate smaller rural properties that may be used for agricultural purposes;

“sparkling wine” means an effervescent wine resulting from the fermentation of grapes, whether by natural or artificial process, and includes champagne;

“special event” means a fundraising event in aid of an educational or welfare organisation, any exhibition, sports meeting, cultural meeting or artistic performance;

“sports and community club” means premises or a facility used for the gathering of community or civic organisations or associations, sports clubs or other social or recreation clubs run mostly not for profit and may include community service clubs and community centres or similar amenity facilities, but excludes a night club;

“temporary license” means a temporary license issued by the Authority to-

- (a) the holder of an on consumption license; or
- (b) in exceptional circumstances, the holder of an on and off consumption license;

“Swartland Municipality” means the Swartland Municipality established by the Establish Notice published in Provincial Notice No. 5589 of 2000, as amended, and **“Municipality”** has a corresponding meaning;

“the Act” means the Western Cape Liquor Act, 2008 (Act No. 4 of 2008), as amended, read together with relevant Regulations;

“weekday” a day of the week, excluding Saturday and Sunday;

“winery” includes premises or facilities which are used in the production of wine and such premises or facilities include facilities for crushing grapes and fermentation and aging of wine, wine sales and tasting rooms, barrel and storage rooms, bottling rooms, tank rooms, laboratories or offices and other accessory or ancillary facilities incidental to the production of wine, which may include –

- (a) restaurants and other food services; or
- (b) subsidiary retail facilities to tours or visitors

“wine shop” means a place to sell packaged liquor for consumption off the premises;

“zoning”, when used as a noun, means a category of directions regulating the development of land and setting out the purposes for which the land may be used and the land use or land use provisions applicable in respect of the said category of directions, as determined by the Zoning Scheme;

“zoning scheme” means zoning scheme regulations which have been approved in terms of the Landuse Planning Ordinance, Ordinance 15 of 1985 Swartland Municipality: Land Use Planning By-law published in Provincial Notice Nr. 8226 of 2020 ~~and the zoning map and register.~~

2. Purpose of by-law and application

(1) To provide for the control of undertakings selling liquor to the public in order to ensure a safe and healthy environment in the Swartland; to provide for days and hours of trade in liquor by licensed undertakings that sell liquor to the public; and to provide for matters related thereto.

(2) This by-law applies to all ~~licensed premises within the jurisdiction of the municipality~~ premises, situated within the area of jurisdiction of the municipality, on which a business trading in liquor is operated, including:

- (a) undertakings selling liquor to the public for consumption on the licenced premises;
- (b) undertakings selling liquor to the public for consumption off the licensed premises;
- (c) undertakings selling liquor to the public for consumption on and off the licensed premises.

3. Trading days and hours for sale and consumption of liquor on licensed premises

(1) A licensee may sell liquor for consumption on the licensed premises on the following days and hours:

- (a) on any day of the week; and
- (b) during the hours of trade as set out in the Schedule.

(2) Despite subsection (1), a hotel or guest accommodation establishment licensed to sell liquor may offer a room service facility at any time of the day.

(3) Despite the provisions of this by-law, a licensee as contemplated in subsection (1), may serve sparkling wine –

- (a) from 08:00 for seven days a week;
- (b) as part of a meal; and
- (c) to guests who are part of an organised function where admittance is controlled.

(4) A licensee who sells liquor for consumption on licensed premises may not allow any consumption of liquor on the licensed premises at a time when the sale of liquor is not permitted.

4. Trading days and hours for sale of liquor and consumption off licensed premises

(1) A licensee, excluding wineries and wine shops, may sell liquor for consumption off the licensed premises from Monday to Saturday from 09:00 to 20:00, but not on Sundays and closed days.

(2) Licensed wineries and wine shops may sell liquor for consumption off the premises on the following days and hours:

- (a) from Monday to Saturday from 09:00 to 20:00; and
- (b) on Sundays from 09:00 to 17:00, but not on closed days.

5. Trading days and hours for sale and consumption on and off the licensed premises

A licensee of premises upon which liquor may be sold for consumption on and off the licensed premises may sell liquor in terms of the trading hours prescribed in section 4 and 5.

56. Special events and temporary licenses

